UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# LJU406K

Mei/Junie 2009

## REGSFILOSOFIE

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE:**
EERSTE PROF IJ KROEZE
TWEEDE: PROF SH BUKURURA

Hierdie vraestel bestaan uit 2 bladsye

**INSTRUKSIES:**

1. Beantwoord AL die vrae
2. Lees die vrae VERSIGTIG deur voordat u dit beantwoord

**VRAAG 1**

Een van die hoofkenmerke van vroeg moderne denke is Rasionalisme, wat beide rasionalisme en empirisme insluit. Skryf 'n opstel waarin jy verduidelik wat rasionalisme en empirisme is en gee dan 'n voorbeeld van beide rasionalisme en empirisme in regsfilosofie Verduidelik ook hoekom hierdie filosofiee as óf rasionalisties óf empiristies beskou kan word [20]

**VRAAG 2**

Critical Legal Studies meen dat daar 'n valse bewussyn aan die werk is in die reg en in die gemeenskap Verduidelik wat dit beteken met verwysing na praktiese voorbeelde [20]

**VRAAG 3**

Dworkin se interpretasieteorie staan bekend as konstruktiewe interpretasie Skryf 'n opstel waarin jy die volgende vrae beantwoord

| | | |
|---|---|---|
| 3 1 | Wat is konstruktiewe interpretasie? | (10) |
| 3 2 | Hoe sou dit werk in 'n konkrete geval? (Voorbeeld) | (10) |
| 3 3 | Is dit 'n aanvaarbare interpretasieteorie? (Jou eie standpunt ) | (10) |

[30]

[BLAAI OM]

**VRAAG 4**

Baie skrywers meen dat iets soos "natuurreg" steeds 'n plek het in die hedendaagse reg sodat waardes in die reg ingesluit kan word Skryf 'n kritiese opstel waarin jy die voor- en nadele hiervan bespreek Jou antwoord moet die volgende aspekte insluit

4 1 Die betekenis van die idee van natuurreg in verskillende filosofiee (10)

4 2 'n Kritiese analise van die voor-en nadele daarvan om natuurreg in 'n hedendaagse regstelsel in te sluit (10)

4 3 Jou eie siening van die sinvolheid daarvan om natuurreg in die huidige Suid-Afrikaanse reg in te sluit (10)

[30]

**TOTAAL: [100]**

©
UNISA 2009